Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 13, Nr 3, 1983. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Die SAW en Bewaring/The SADF and Conservation

# PROKLAMERING VAN GREEFSWALD 37 MS ZOUTPANSBERG TOT 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

**Brig W. Otto**

## Agtergrond

Die plaas Greefswald is in 1871 deur die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek aan Frederik Willem Claus "as a Deed of Grant" gegee. Na heelwat wisseling van eienaarskap het E.E. Collins die plaas op 24 Desember 1929 gekoop. Hy het blykblaar nie voltyds op die plaas gebly nie.

Na die argeologiese ontdekking van Mapungubwe op die plaas, is die plaas, vanweë vertoë deur die Universiteit van Pretoria, in Mei 1933 deur die Staat aangekoop en "vir openbare doeleindes voorbehou."

Volgens 'n brief van die Departement van Lande was die plaas tussen 1933 en 1944 onder beheer van die Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede – die voorganger van die huidige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede – en 'n Argeologiese Komitee van die Universiteit van Pretoria.

Gedurende 1944 tot 1949 het Greefswald deel van die Dongola Natuurreserwe uitgemaak. Die Wet op die Dongola Natuurreserwe is in 1949 herroep waarna die plaas op 'n ietwat onvaste manier deur die Departement van Lande en die Universiteit van Pretoria geadministreer is.

In 1950 het die Direkteur van die Nasionale Dieretuin versoek dat die plaas tot die Provinsiale Administrasie se beskikking gestel word vir die vang van wild. Dit was nie suksesvol nie. Op hierdie tydstip het die Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede voorgestel dat die plaas in terme van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Wet No 4 van 1937 geproklameer word as enigste beskerming van die argeologiese fonds. Hierdie saak het iewers doodgeloop.

In 1963 rig die eienaars van die buurplaas 'n versoek aan die Direkteur Natuurbewaring dat die drie plase, Samaria, Den Staat en Greefswald tot 'n Privaat Natuurreservaat geproklameer word. Dit vind in 1967 plaas en die Vhembe Natuurreservaat word gestig.

In 1968 word goedkeuring verleen dat die SA Weermag die plaas mag gebruik, met uitsluiting van Mapungubwekop en Bambandyanalo (K 2). Vir beide die Departement van Lande en die Universiteit van Pretoria was dit 'n verligting omdat toesig oor die plaas probleme geskep het.



## Nasionale waarde van Greefswald

Tans maak die SA Weermag van die naam Vhembe gebruik wanneer na Greefswald verwys word.

Uit die SA Weermag se oogpunt is die argeologiese, etnologiese, ekologiese en historiese waarde van Vhembe van nasionale belang en wel om die volgende redes:

### a. Argeologiese belang

i. Hoewel op Samaria en Den Staat ook argeologiese terreine is, is Mapungubwekop en Bambandyanalo (K 2) op Vhembe die belangrikste. Terreine in die omliggende gebied lewer ook kulturele materiaal op wat met die van K 2 ooreenstem.

ii. Oor die argeologiese waarde van Vhembe het talle geleerdes reeds menings uitgespreek. Prof Leo Fouché skryf o.a. dat Mapungubwe mag meehelp tot die oplossing van die Zimbabwe-raaisel. Hierbly sluit genl J.C. Smuts, wat die terrein dikwels besoek het, aan. Hy skryf op 9 Julie 1934 aan mev M.C. Gillett die volgende:
"If I have the time we might visit the new archaeological station at Mapungubwe next door to Burnett's on the Limpopo, where Neville Jones and Schofield are doing the work I had intended Miss Caton-Thompson (wat sedertdien die Zimbabwe-raaisel opgeklaar het) to do, but the Pretoria University in their wisdom and prejudices decided otherwise. I should like to know whether any of the Zimbabwe puzzles have been resolved at this station, and should also like the change."

iii. Datering van die terreine toon dat K 2 voor Mapungubwe bewoon was, maar dat daar ook vir 'n tydperk gelyktydige bewoning was. Die etniese posisie van die Greefswaldkulture, d.w.s. die verwantskap tussen Greefswald en die ander kulture van Noord-Transvaal uit dieselfde tyd, asook die onderlinge verband tussen die groepe wat Greefswald òf gelyktydig òf agtereenvolgend bewoon het, is nog onduidelik. Dit is egter duidelik dat die kulture te Mapungubwe en K 2 dateer uit die tiende tot dertiende eeue na Christus.

iv. Omdat argeologiese, etnologiese en historiese gegewens nog onvoldoende is, is dit ook moeilik om te bepaal waarom Greefswald ontruim is en wat van die bewoners geword het. Nog antwoorde op argeologiese vrae kan dalk op Vhembe gevind word.

### b. Etnologiese belang

i. Soos uit para 9.a.iii blyk, was Mapungubwe en K 2 bewoon voor die algemene migrasie van die Swart stamme na die Suide. Hieroor sê prof Leo Fouché die volgende:
"Furthermore, its geographical situation made Mapungubwe a key position. It stood square in the track of successive waves of immigration into the Northern Transvaal from North and West. The surrounding Bantu showed signs of a racial mixture of clearly marked Shona, Venda and Sotho elements. Mapungubwe might therefore yield definite information of the courses of all these migrations."

ii. Etnoloë is dit nog lank nie eens oor die migrasieroetes en herkoms van die Swart volke van Suid-Afrika nie. Omdat daar geen geskrewe geskiedenis van hierdie volke is nie, is die wetenskaplike aangewys op liggaamskenmerke, taalvergelykings en historiese voorwerpe om die mitologieë van die Swart volke teen te evalueer. Die feit dat sommige etnoloë wys op die moontlikheid dat Greefswald en omgewing die migrasieroete kon gewees het, noodsaak versigtige optrede. Dit is immers die Wit nasie van Suid-Afrika se dure plig om soveel as moontlik bewyse van die Swart volke se herkoms te bewaar vir ondersoek deur toekomstige wetenskaplikes. Greefswald lewer dalk hierdie bewyse.

### c. Plant- en dierelewe

i. Hoewel Greefswald deel van die Vhembe Natuurreservaat is, is heelwat geleerdes dit eens dat die totale Limpopo-vallei in sy natuurlike staat bewaar moet word. Dit is ook algemeen bekend dat dr Pole-Evans sy lewe lank op die Dongola Reservaat en omgewing gewerk het en dat sy bevindinge t.o.v. inheemse plantegroei wêreldwye erkenning geniet het.

ii. In 1944 is wetgewing ingedien om die Dongola Reserwe te stig. Tydens die Tweede Lesing in die Volksraad van hierdie Wet, het die Minister van Lande o.a. die volgende gesê:
"The object of this Bill is ... to provide for the establishment of a nature sanctuary in the valley of the Crocodile or Limpopo River ... for the protection and preservation, in the national interest, of the land comprised therein, of its natural vegetation, wild life and of objects of geological, ethnological, historical or other scientific interest therein ..."

iii. Dit hoef nie beklemtoon te word dat die ekologie slegs bevorder kan word deur verdere beskermende maatreëls nie.

## d. Historiese belang

i. Volgens oorlewering het genl J.C. Smuts 'n besondere liefde vir die gebied gekoester. Volgens mondelinge getuie van inwoners van die omgewing, het genl Smuts 'n huisie en 'n "uitkyk" op die heuwel Oos van Poachers Corner, opgerig. Hierdie koppie staan vandag as Smutskoppie bekend en die huisie as Smutshuisie.

ii. Dokumentêre bewys dat genl Smuts wel die huisie en die uitkyk aangelê en gebruik het, kon nie gevind word nie. Omstandigheidsgetuie dui daarop dat dit wel 'n toevlugsoord vir genl Smuts kon gewees het. Sy besondere belangstelling in die argeologie en botanie is algemeen bekend. Vandaar ook sy talle besoeke aan Mapungubwe en ook aan Dongola. So skrywe hy op 6 September 1937 aan Sarah G. Millen die volgende:
"Now I am on the point of going for a week to the wilds of the Zoutpansberg to recover physical and intellectual balance."

iii. Prof R.J. Mason, van die Universiteit van die Witwatersrand skryf op 14 April 1980 soos volg:
"I am virtually certain that Dr Pole Evans took us up to the Smuts koppie house and told us that Smuts used to stay there.
My friend Robbie Steel was at Greefswald recently and showed me a photograph of the Smuts koppie house, now minus its roof. This photograph aroused familiar memories which tend to confirm my 1948 information received from Pole Evans."

iv. Hoewel hierdie gegewens skraps is, bevat dit soveel elemente van waarheid dat die SA Weermag die Smutshuisie met respek bewaar. Dit kan dalk verbintenis hê met een van Suid-Afrika se grootste figure en derhalwe word dit opgepas totdat genoegsame dokumentêre bewys gevind kan word.

## Slot

Die nasionale waarde van Greefswald is reeds in 1933 deur die Staat en wetenskaplikes besef. Daarom is dit aangekoop – vir die skrale bedrag van £1 461.12.4 (sowat R2 923,00). In 1944 het die Minister van Lande Greefswald se waarde beklemtoon. In 1949 het die Sekretaris van die Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede die volgende geskrywe:

> *Dit ly geen twyfel nie dat Mapungubwe en ander argeologiese afsettings op die plaas Greefswald optrede kragtens die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede vereis.*

Die Raad op Gedenkwaardighede het reeds besluit om Greefswald as Nasionale Gedenkwaardigheid te verklaar, die beslissing is egter nog nie in die Staatskoerant gepubliseer nie.

Wat die Smutshuisie betref, het die Raad besluit om nie te proklameer nie, maar om slegs 'n gedenkplaat te plaas.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 13, Nr 3, 1983. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# NATAL COMMAND HEADQUARTERS (THE WHITE HOUSE)

The Natal regional committee of the National Monuments Council recommended that Natal Command Headquarters administration block, known as the "White House" be declared a National Monument.

American troops passing through Durban during the War, dubbed the building the "White House", and the name stuck.

A while ago plans to resite Natal Command HQ were scrapped as a result of strong resistance from the side of the Defence Force.

Although Natal Command is situated in the Durban "Golden Mile" and the Municipality needed the ground for further development, the Defence Force put forth a number of very good reasons why this would not be acceptable ie: the Headquarters is strategically placed wrt all its specific requirements such as the shooting range and Headquarters of the Citizen Force units and to move the headquarters will bring about unnecessary aditional expense. There is also no centrally situated site available for the purpose.

It was decided instead to have the freeway bisect the Military site, the two sections will be connected by a bridge and "White House" will remain intact.

When Natal Command Headquarters was oficially opened 45 years ago on the Snell Parade seafront, it was called the UDF barracks. The opening ceremony which took place on 13 Nov 1937 was performed by Sir Pierre van Ryneveld, Chief of the General Staff of the Union Defence Force.

A tower originally rose from the centre of the main building but this was demolished early in World War Two because it was thought to be a landmark which could easily be pin-pointed by the enemy.

It is only suitable that this familiar building the "White House" should be one of South Africa's National Monuments.

* *Information obtained from the article in BRAVO on the subject as well as from the Unit File of Natal Command, Military Information Bureau.*

